higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VRAGLOGISTIEK
NKR VLAK 2

(11020252)

21 November 2023 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

214Q1N2321

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
VRAGLOGISTIEK
NKR VLAK 2
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 … verwys na hoeveel van 'n bepaalde produk verbruikers bereid is om te koop.

A Begeerte
B Vraag
C Behoefte
D Aanbod

1.1.2 Hierdie personeel fokus daarop om goeie klanteverhoudings te handhaaf.

A Verspreidingsbestuurder
B Verkoopsbestuurder
C Bemarkingsbestuurder
D Pakhuisbestuurder

1.1.3 … gebruik inligting uit die inkomstestaat en konantvloeistate om te bereken hoeveel werk verrig moet word.

A Omset
B Gelykbreekontleding
C Kostebepaling
D Gelykbreekpunt

1.1.4 Wanneer goedere op 'n bepaalde manier opgemaak moet word voordat dit vir werkbestelling gestuur word, staan dit bekend as …

A stelsamestelling ("kitting")
B uitsoek ("picking")
C saamklassering ("binning")
D verpakking

1.1.5 Watter EEN vorm nie deel van werkplekbekwaamhede nie?

A Klantefokus
B Probleemoplossing
C Kritiese en analitiese denke
D Fundamentele sakebeginsels

(5 × 1) (5)

1.2 Voltooi die volgende sin of sinne/paragraaf of paragrawe deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 ... beoog om klanteversoeke in ooreenstemming te bring met die verskaffer se kapasiteit.

1.2.2 Oorlaai (“transhipment”) vorm deel van ‘n … kluster in vraglogistiek.

1.2.3 Die beweging van verskillende soorte voertuie en mense met vervoerroetes langs staan bekend as …

1.2.4 Die kapitaal wat nodig is om bedryfsbates te koop, word … genoem.

1.2.5 ... is ‘n Seta wat verantwoordelik is vir vaardigheidsontwikkeling en om die nodige vaardighede in die vervoer- en logistieke bedryf te ontwikkel.

(5 × 1) (5)

1.3 Kies die korrekte term uit dié tussen hakies en skryf dit langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.3.1 (Verpakkingsetikette/Sekondêre verpakking) kan omskryf word as enige geskrewe, elektroniese of grafiese kommunikasie op die verpakking.

1.3.2 Die kosprys van goedere word (vaste/veranderlike) koste genoem.

1.3.3 Wanneer ‘n maatskappy inkomste uit verskeie bronne ontvang, het dit (kontantvloei/veelvuldige inkomstestrome).

1.3.4 Die (verkoopsbestuurder/verspreidingsbestuurder) se rol is om produk- en diensgehalte te evalueer.

1.3.5 (Eskom/Transnet) spesialiseer in vraglogistiekoplossings vir die mynbou- en vervaardigingsbedryf.

(5 × 1) (5)

1.4 Kies 'n item/woord uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.4.1	'n Kluster waarin 'n verskepings- en ontvangsklerk aangestel kan word	A	kosteverhouding
1.4.2	Dit kan omskryf word as 'n amptelike verspreidings/verskepingsdokument wat saam met 'n vrag reis	B	verkope en verspreiding
1.4.3	... kan beskou word as 'n strategie om in klante se verwagtings te voldoen en dit te oorskry	C	logistiek
1.4.4	…dui op die verhouding tussen verskillende uitgawes en netto verkope	D	berging ("warehousing")
1.4.5	Waar verkoopsprosesse hanteer word en om te verseker dat klante kry wat hulle gekoop het	E	vragbrief
		F	kostebepaling

(5 × 1) (5)
[20]

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B

VRAAG 2

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg:

2.1

Suid-Afrika se volhoubare-ontwikkelingsvisie vir vervoer

Die volhoubarevervoervisie vir Suid-Afrika berus op die maatskaplike, ekonomiese en omgewingspilare van volhoubare ontwikkeling. Dit het ten doel om 'n geïntegreerde, goed bestuurde, lewensvatbare en volhoubare vervoerinfrastruktuur te voorsien, nasionale en streeksdoelwitte in die 21ste eeu bereik, 'n samehorige basis te vestig om toeganklikheid en die veilige, bekostigbare en betroubare beweging van mense, goedere en dienste te bevorder.

Vervoerinfrastruktuur in Suid-Afrika sal as 'n kern vir vervoer in Suider-Afrika dien, ekonomiese ontwikkeling bevorder deur beperkings op latente vraag in ontwikkelingskorridors te verwyder, openbarepassasiersvervoer aan te moedig, vir naatlose intermodalisme voorsiening te maak en gestruktureer te word om omgewingsvolhoubaarheid en die bereiking van internasionaal aanvaarde standaarde te verseker.

Bron: Uittreksel uit die Witskrif op Vervoerbeleid

2.1 Noem TWEE hoofkategorieë van dienste wat deur die Nasionale Haweowerheid gelewer word. (2)

2.2 Noem kortliks hoe vervoerinfrastruktuur in openbare passasiersvervoer aangemoedig kan word met verwysing na *verspreiding* en *vervoer*. (2 × 2) (4)

2.3 Onderskei EEN tipe of metode van openbare passasiersvervoer wat lewensvatbare infrastruktuur benodig en waar die beweging van mense en goedere daarvan afhanklik is, en bespreek enige SEWE tipiese sterk punte daarvan. (7 × 2) (14)

2.4 Verduidelik die term *redding/herwinning* ("salvage") en gee EEN voorbeeld van herwonne goedere ("salvage goods"). (2 × 2 +1) (5)

[25]

VRAAG 3

3.1 Bestudeer die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg:

> Die vraag na die beste pakhuise oorskry steeds die aanbod in die meeste stede wat Knight Frank monitor. In Nigerië, byvoorbeeld, het die langtermynskaarste aan pakhuise van hoë gehalte daartoe gelei dat die meeste multinasionale top-okkupante deesdae verkies om hul ondernemings te bedryf vanuit fasiliteite rondom Ikeja, Sagamu en Agubaruwe wat spesifiek vir hul doel gebou is en wat hulle self besit. Hierdie tendens beteken dat die vraag na doelgeboude prima pakhuisgeriewe robuus bly.

Aangepas uit Property Wheel G,9 Oktober 2021

3.1.1 Adviseer Nigerië oor VYF maniere hoe hulle pakhuise ten beste kan bestuur. (5)

3.1.2 Noem kortliks hoe Knight Frank take in die bestellingsverwerkingsfase akkuraat kan monitor of uitvoer. (6 × 2) (12)

3.1.3 Noem die VIER stukke dokumentasie wat prima pakhuisruimtes kan help om die voorraadouditproses te hanteer. (4)

3.1.4 Verduidelik enige VIER foute wat Nigeriese pakhuispersoneel kan maak, wat daartoe kan lei dat goedere na die pakhuis teruggestuur word. (4)

3.2 As deel van pakhuisbestuur, speel klanteverhoudings 'n belangrike rol in die handhawing van 'n goeie pakhuiswerksomgewing, omdat pakhuise die hart van vraglogistiek vorm.

Verduidelik enige VYF stappe wat pakhuisbestuurders kan doen om hul klante beter te verstaan. (5)

3.3 Noem VYF aktiwiteite wat uitgevoer word wanneer goedere in 'n pakhuis bymekaar gemaak word. (5)

[35]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg:

AsD FREIGHT

Scotts Barber en Peter Brown het 'n klein vraglogistiekmaatskappy genaamd AsD FREIGHT begin, wat in afleweringsdienste vir klein, medium- en mikro-ondernemings spesialiseer. Die onderneming genereer gewoonlik 'n wins van R200 000 per jaar.
Die onderneming word aansienlik geraak deur onstabiele ekonomiese faktore, wat die sake-uitgawes verhoog. In 2017 het AsD FREIGHT se sakewins 'n mate van groei getoon.

Ontleed die inkomstestaat van AsD FREIGHT vir die jaar geëindig 31 Desember 2017.

Verkope		R500.000
Koste van verkope		R150.000
Bruto wins		**4.1.1**
Ander bedryfsinkomste		R140.000
Bruto bedryfsinkomste		R310 100
Bedryfsuitgawes:		
Brandstof en Tolgeld	R20 900	
Versekering	R7 800	
Personeelkoste	R50 660	
Telefoon	R3000	
Netto Wins		**4.1.2**

4.1.1 Bereken die bruto wins vir die jaar geëindig 2017. (3)

4.1.2 Bereken die netto wins vir die jaar geëindig 2017. (3)

4.2 Gee DRIE voorbeelde van vaste koste. (3)

4.3 Onderskei tussen *inkomste* en *ontvangste* en gee 'n voorbeeld van die moontlike bron van die ontvangste van AsD FREIGHT vir die jaar 2017.
(3 × 2) (6)

4.4 Beskryf enige VYF persoonlikheidseienskappe waarna werkgewers in vervoer-logistiek- en voorsieningskettinggegradueerdes soek. (5)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 80
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou